# HOOFSTUK 1

## *INLEIDING*

### 1.1 Terreinafbakening en interdissiplinêre benadering

Tematies konsentreer hierdie verhandeling op die vestiging en uitbouing van munisipale bestuur asook voorstedelike uitbreidingspatrone in Vereeniging tot en met 1992. In 1992 het Vereeniging 'n eeu sedert dorpstigting herdenk. Die fokuspunt van hierdie studie is om die ontwikkeling van beide die bestuurs- en dorpsuitbouing ten opsigte van alle bevolkingsgroepe van die gemeenskap tot en met die eeufeesjaar aan te toon. 'n Breë oorsig van die geskiedenis van die omgewing, vanaf die Ystertydperk, is as agtergrond geneem. Die ontdekking van steenkool het as vernaamste vertrekpunt gedien.

Munisipale ontwikkeling, as navorsingstema, het teoreties noue bande met stads- en streeksbeplanning. Klem is egter deurentyd op die verloop van die geskiedenis geplaas. Historiese navorsing op die terrein van plaaslike en streeksgeskiedenis het 'n interdissiplinêre benadering genoodsaak. Dit het behels dat vakdissiplines soos onder andere Stads- en Streeksbeplanning, Publieke Administrasie, Geologie, Argeologie, Ekonomie en Sosiologie in die behandeling van die tema betrek was.[1]

'n Definisie van plaaslike en streeksgeskiedenis, soos by geleentheid uitgespel deur die redaksie van *Contree*, is as basis vir hierdie studie geneem. Volgens *Contree*, 'n tydskrif vir Suid-Afrikaanse stedelike en streeksgeskiedenis, is plaaslike en streeksgeskiedenis 'n rekonstruksie van die ontstaan, groei, agteruitgang of verval van 'n plaaslike of streeksgemeenskap. Dit het op 'n reeks vlakby-opnames neergekom wat 'n totaalbeeld van die enkeling of groep in 'n mikrokosmos geteken

---

[1] F.A. van Jaarsveld, Stedelike geskiedenis as navorsingsveld vir die Suid-Afrikaanse historikus (ongep. referaat gelewer tydens 'n simposium oor 'Die opkoms van die Afrikaner aan die Witwatersrand', RAU {Departement Geskiedenis}, 26.02.1972), pp. 77-79.

het. Kortom is dit die verhaal van menslike prestasies en mislukkings in gemeenskapsverband. Sodoende word die grondslag vir nasionale geskiedenis gevorm. 'n Studie van hierdie mikrokosmos en die mens se rol daarin, het immers nodig geword om die breë historiese ontwikkeling ten volle te begryp.[2]

Ten einde die hedendaagse ruimtelike strukture van 'n verstedelikte gebied te verstaan, moet dit binne die konteks van historiese ontwikkeling gesien word.[3] In die lig hiervan was ook gepoog om aan te toon in watter mate gebeure, nasionaal en internasionaal, wel 'n invloed op die geskiedenis van Vereeniging uitgeoefen het.

Siklusse van die groei en verval van dorpe is nou aan die gebied se natuurlike hulpbronne verwant. Landboupotensiaal, grondstowwe of ligging langs belangrike handelsroetes was as bates beskou. Dit het die materiële bestaansbasis of fondament en hoofdryfveer vir verandering geword. Onvermydelik wysig en verbreed dit die bestaande ekonomiese, sosiale, kulturele en politieke strukture.[4] Hierdie studie poog om aan te toon hoedat sodanige faktore in die uitbouing van munisipale bestuur en in die voorstedelike ontwikkeling van Vereeniging gemanifesteer het.

Navorsing vir hierdie studie het reeds in 1989 begin. Die verhandeling is egter in die post-apartheidera voltooi. Dit het daarom 'n produk van die tydperk van oorgang en transformasie geword. Daar is derhalwe gepoog om 'n objektiewe bydrae tot kontemporêre geskiedskrywing te maak, vanuit 'n Christelike perspektief en in die gees van transformasie en versoening. Dit het daarom ook ten doel gehad om 'n bydrae tot die hernuwing van die samelewing te lewer.[5] In hierdie opsig is kennis geneem van die werke van vorige outeurs oor hierdie breë onderwerp.

---

[2] C.C. Eloff e.a. (reds.), "Redaksioneel", *Contree - Tydskrif vir Suid-Afrikaanse stedelike en streeksgeskiedenis*, nr. 21, Jan. 1987, p. 3.

[3] V. Skipp, "Local history: A new definition", part 1, *The Local Historian*, vol. 14, no. 6, 1981, p. 328.

[4] C.C. Eloff e.a. (reds.), "Redaksioneel", ..., p. 4.

[5] P. de Klerk, *Geskiedenis as kultuurontwikkeling*, p. 123.

## 1.2 Vorige outeurs oor die tema

Outeurs soos H. Stander[6] en F.O.F. van Aswegen[7] het reeds veral die vroeë dorpsgeskiedenis van Vereeniging in detail bestudeer. Hul verhandelings het mekaar chronologies opgevolg en is onderskeidelik studies oor die tydperk vandat die eerste stappe tot amptelike dorpstigting in 1882 geneem was tot en met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog in 1939. Stander, wat die tydperk 1882 tot 1912 ondersoek het, het nie die geskiedenis vòòr 1882 weergegee nie. Dit het 'n bepaalde leemte gelaat.

Hierdie verhandeling het nie die herskrywing van ander bestaande en gesaghebbende werke, oor veral die vroeë vestigingsjare van Vereeniging, ten doel gehad nie. Dit was eerder 'n poging om daardie werke op te volg en wetenskaplik aan te vul. Dit was vanaf die beginstadium van navorsing duidelik dat die gekose onderwerp nie na behore hanteer kon word sonder om 'n oorsig oor die ontstaansgeskiedenis van die dorp te gee nie. Daar is egter gepoog om slegs die belangrikste feite weer te gee. Sodoende was vroeëre sekondêre bronne nie noodwendig gedupliseer nie maar eerder ter wille van agtergrond en perspektiefstelling gebruik. 'n Daadwerklike poging was aangewend om alle ander wetenskaplike studies, wat op die een of ander wyse Vereeniging as tema gebruik het, te raadpleeg.

Hierdie studie was deel van die eeufeesprojek waarvolgens die geskiedenis van Vereeniging tot 1992, onder redaksie van prof. P.J.J. Prinsloo, te boek gestel was.[8] Geen van die gemelde werke het uitsluitlik die uitbouing van munisipale bestuur en voorstedelike ontwikkeling te Vereeniging behandel nie.

---

6 H. Stander, Die ontstaan en ontwikkeling van Vereeniging, 1882-1912 (ongep. M.A.-verhandeling, UNISA, 1946).

7 F.O.F. van Aswegen, Die geskiedenis van Vereeniging, 1912-1939 (ongep. M.A.-verhandeling, PU vir CHO, 1957).

8 Vgl. P.J.J. Prinsloo (red.), Die geskiedenis van Vereeniging (ongep. manuskrip, PU vir CHO, 1992).

M.C. van der Merwe het die industriële ontwikkeling te Vereeniging in 'n verhandeling weergegee. Dit is as vereiste tot die verwerwing van 'n M.Sc-graad in Stads- en Streekbeplanning ingedien. Geen voetnotas, of ander manier van direkte verwysing, kom in sy verhandeling voor nie.[9] Verskeie ander publikasies oor Vereeniging het ook sonder 'n wetenskaplike verwysingstelsel verskyn.

Ramon Lewis Leigh het 'n tweetalige boek, in beide Engels en Afrikaans, oor die geskiedenis van Vereeniging tot 1967 gepubliseer. Dit was 'n populêre studie sonder bronverwysings. Dit het slegs 'n eksemplariese beskrywing van veral gebeure in die tydperk ná 1939 bevat. Hy het egter waardevolle inligting oor die vernaamste nywerhede weergegee wat in die eerste 75 jaar van Vereeniging se bestaan tot stand gekom het.[10]

Die geskiedenis van een van die vernaamste rolspelers in die dorpsontwikkeling van Vereeniging, naamlik *Vereeniging Estates*, is deur E. Rosenthal in 'n ongepubliseerde manuskrip vasgelê.[11] Volgens mnr. A.C. (Tony) Chase, Besturende Direkteur van *Chase & Sons*-eiendomme in Vereeniging, was Rosenthal 'n vryskut geskiedskrywer wat die geskiedenis van *Vereeniging Estates* in opdrag van die Chase-familie geskryf het.[12] Net soos in die geval van Leigh se boek, was Rosenthal se manuskrip sonder bronverwysings. Dit was moeilik om wetenskaplik te bepaal waarvoor Leigh of Rosenthal spesifiek verantwoordelik was. Inligting in beide was soms dieselfde en het dan sonder bronverwysings voorgekom.

---

[9] M.C. van der Merwe, Vereeniging - industrial giant: a study of its industrial history and future (unp. M.A.-dissertation, University of Natal, n.d.)

[10] R.L. Leigh, *Vereeniging - South Africa/Suid-Afrika*.

[11] Vaal Teknorama, Vereeniging (VT), File 03/13560, E. Rosenthal, The Vereeniging Estates story (unp. manuscript, 1957).

[12] A.C. Chase, Onderhoud, 29.12.1988 {Besturende Direkteur, *Chase & Sons* Eiendomme, amptelike eiendomsagent vir die *Vereeniging Estates*, inligting in besit van skrywer}.

## 1.3 Navorsingsmetode

Aanvaarde vakkundige navorsingsmetodes en tegnieke is gebruik. Die stappe wat gevolg is sluit in vraagstelling, opsporing van toepaslike bronne, eksterne en interne kritiek op die inhoud van bronne, die rangskikking van feite tot 'n sinvolle geheel met verantwoording van die feite in voetnotas en in 'n bronlys. Inderdaad het dit die aanwending van die historiese metode behels waarvolgens bronne, in 'n poging om die geskiedenis korrek uit te beeld, krities benader was.[13]

Navorsing is hoofsaaklik op beskikbare primêre bronne geskoei. Alle moontlike en toepaslike argiefmateriaal wat in die besit van die stadsklerk van Vereeniging was, is benut. Dit het materiaal ingesluit wat by die Vaal Teknorama Museum te Vereeniging geberg was. Argiefmateriaal in die Transvaalse - en Suid-Afrikaanse Argiefbewaarplekke, met betrekking tot Vereeniging, was ook bestudeer. Dit het onder andere lêers van die staatsekretaris van die ***Zuid-Afrikaansche Republiek*** (ZAR of Transvaal), Volksraadsresolusies en -notules, staatskoerante en wetboeke, lêers van die Munisipaliteit van Vereeniging, Transvaalse Provinsiale Administrasie (TPA), Bantoe-Administrasie en die Direkteur van Plaaslike Bestuur ingesluit. Argivale bronnestudies was nie net tot die voorafgaande beperk nie. Waardevolle inligting was ook uit die annale van die Standard Bank en die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag verkry.

Benewens argivale bronne en sekondêre bronne soos boeke, tydskrifte en koerante, is onderhoude en mondelinge oorlewerings ook as navorsingsmateriaal gebruik. Hierdeur was 'n baie duidelike en aanvullende beeld van die uitbouing van munisipale bestuur en dorpsontwikkeling van Vereeniging verkry. Sekondêre bronne is hoofsaaklik aangewend waar dit tematies met hierdie verhandeling oorvleuel het. Dit het faktore en insidente ingesluit, uit die breë konteks van Suid-Afrikaanse en Wêreldgeskiedenis, wat 'n invloed op die uitbouing van munisipale bestuur en voorstedelike ontwikkeling in Vereeniging gehad het.

---

[13] F.A. van Jaarsveld, *'n Inleiding tot die studie van Geskiedenis*, pp. 18-19, 63-65.

## 1.4 Begrippe en woordomskrywings

Die volgende begrippe en woordbepalings was algemeen in hierdie verhandeling gebruik. Dit was daarom, ter agtergrond, nodig om dit aan die leser te omskryf:

**Administrateur:** *Hoof van die uitvoerende provinsiale mag*

**Akker:** *Stuk ploegland wat ongeveer 'n halfmorg beslaan (±0,4 ha)*

**Dagsoom:** *Gedeelte van 'n ertsdraende rif wat bogonds sigbaar is*

**Komitee:** *Groep persone gekies of aangestel vir 'n besondere taak uit en deur 'n groter liggaam, gewoonlik vir 'n korter tydperk*

**Kommissie:** *Liggaam of groep persone met 'n bepaalde taak belas, meestal van permanente aard as 'n komitee alhoewel dit soms sinoniem gebruik word*

**Lokasie:** *Woonbuurt van kleurlinge of swartmese, gewoonlik naby 'n (blanke) stad of dorp*

**Morg:** *Landmaat van 100 x 100 jaart (8 281 m²)*

**Munisipaliteit:** *Stad of dorp se besturende liggaam wat deur belastingbetalers verkies word (ook stadsraad)*

**Ordonnansie:** *Voorskrif waarvolgens sekere sake in 'n provinsie gereël word, soms ook bekend as 'n verordening*

**Proklamasie:** *Amptelike bekendmaking, afkondiging van wette en regulasies*

**Sekretaris:** *Beampte gelas met administrasie en briefwisseling, die hou van notule en reëling van onderhoude*

**Stadsklerk:** *Hoofuitvoerende amptenaar van 'n stadsraad*

**Versoekskrif:** *Dokument wat 'n versoek aan die owerhede bevat, petisie*

**Voorstad:** *Buitewyk van 'n stad* [14]

Aangesien geldwaardes meestal in Britse pond uitgedruk was, het die volgende skryfwyse betrekking gehad:

| | | |
|---|---|---|
| **£** | = | *Pond* |
| **/-** | = | *Sjieling* |
| **d** | = | *Pennie* |
| **£1.1.1** | = | *Een pond, een sjieling, een pennie* |

Die volgende gegewens was vir die omskakeling na metrieke mates gebruik :

| | | |
|---|---|---|
| **1 akker** | = | *0,4047 hektaar (ha)* |
| **1 jaart** | = | *0,91 meter (m)* |
| **1 myl** | = | *1,61 kilometer (km)* |
| **1 voet** | = | *30,48 sentimeter (cm)* |
| **1 duim** | = | *25,4 millimeter (mm)* |
| **1, 167 morg** | = | *10 000 m² / 1 ha* |

## 1.5 Topografiese plasing en geografiese kenmerke van Vereeniging


Vereeniging is sowat 1 433 m bo seevlak geleë, tussen breedtegrade 26°30′ tot 26°42′ suid en lengtegrade 27°50′ tot 28°50′ oos.[15] Die stad het tussen die Suikerbosrandrivier en Taaibosspruit, aan die noordoewer van die Vaalrivier, ontstaan. Teen 1990 het die munisipale gebied 21 700 ha (217 km²) beslaan.[16] Vereeniging het met verloop van tyd deel van die sogenaamde Vaaldriehoek geword.

---

[14] F.F. Odendaal e.a. (reds.), *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (HAT)*, pp. 16, e.vv.

[15] Suid-Afrika (Republiek), Vel 2627 DB: Vereeniging, skaal 1:50 000.

[16] Suid-Afrikaanse Vereniging van Munisipale Werknemers, *Amptelike Suid-Afrikaanse munisipale jaarboek, 1990*, p. 365.




**KAART 1.1:**

**Die ligging van die dorpe van die Vaaldriehoek in Suid-Gauteng en omliggende dorpe en stede.**

Bron: *New RSA Atlas*, pp. 10-11.



Die Vaaldriehoek het as 'n ekonomiese streek ontstaan. Dit het drie landdrosdistrikte ingesluit, naamlik Vereeniging, Vanderbijlpark en Sasolburg. Hul ligging tot mekaar het die vorm van 'n driehoek aangeneem. Die totstandkoming van die olieraffinadery, Suid-Afrikaanse Steenkool-, Olie- en Gaskorporasie (SASOL) en die Vrystaatse dorp Sasolburg, het beslag aan die term Vaaldriehoek gegee.[17] Beide Vereeniging en Vanderbijlpark het ten noorde van die Vaalrivier (in die suide van die later provinsie Gauteng) ontstaan, soos aangetoon op kaart 1.1.[18]

Vereeniging was voorheen deel van die Pretoria-Witwatersrand-Vereeniging streek (PWV). Vanderbijlpark het suidwes van Vereeniging ontwikkel. Sasolburg is suid van Vanderbijlpark gestig, in die mees noordelike gedeelte van die Vrystaat. Meyerton het die munisipale gebied van Vereeniging in die noordooste begrens. Johannesburg was ongeveer 60 km noord van die Vaaldriehoek aangelê. Vereeniging het wes van Heidelberg ontwikkel, Sasolburg noord van Heilbron en Vanderbijlpark noordoos van Parys.

Die Vaaldriehoek het wesenlik van omliggende streke verskil. Dit het as unieke steenkoolmynbou- en nywerheidstreek ontwikkel. In teenstelling hiermee was aangrensende gebiede meer goud- of landbougeoriënteerd.[19] Industrialisasie in die Vaaldriehoek was ten nouste aan die ontdekking van steenkool in die gebied verbonde. Nywerhede was hoofsaaklik mark- en grondstofverwant. Steenkool was meer effektief aangewend as gevolg van tegnologiese vooruitgang, veral op mynbou en industriële gebied. Die gebied, wat eertyds hoofsaaklik op landbou gefokus was, het weens die teenwoordigheid en benutting van water en steenkool grootskaalse ontwikkeling ervaar.[20]

---

[17] M.M. Smith, 'n Geografiese studie van steenkool in die Vaaldriehoek (ongep. M.A.-verhandeling, UNISA, 1967), p. 6.

[18] Anon., *New RSA atlas*, pp. 10-11 {kaart 1.1, p. 7-keersy}.

[19] M.M. Smith, 'n Geografiese studie van steenkool..., p. 9.

[20] Vgl. P.J. Rossouw & H.N. Visser (reds.), *Departement Mynwese, Geologiese opname, die steenkoolveld Vereeniging-Clydesdale, Memorie 50 (Deel I en II)*, pp. 4-5; M.M. Smith, 'n Geografiese studie van steenkool..., pp. 5-8.

Vereeniging het ook 'n integrale deel van die noord-suid ontwikkelingsas geword, wat vanaf Germiston oor Alberton en Meyerton na Vanderbijlpark gestrek het.[21] Geografies het hierdie ontwikkelingsas deel van die Hoëveldse grasvlaktes uitgemaak. Die Hoëveld is 'n platogebied, hoog bo seespieël, wat tot by die Drakensberg strek.In die suide word dit deur die Vaalrivier, wat die noordelike grens van die Vrystaat vorm, begrens word. Die Hoëveld beslaan ongeveer 'n derde van die grondgebied van wat eens as die ZAR bekend gestaan het.[22]

Steenkool was 'n belangrike grondstof wat wydverspreid op die Hoëveld voorgekom het. Daarbenewens het die grondformasie ook uit neerslae van graniet, kalksteen en sandsteen bestaan. Weens die teenwoordigheid van waterbronne en kort grasgewasse is die gebied van oudsher af as 'n ideale landbou- en veeteelgebied beskou.[23]

Die klimatatologie van die omgewing was van so 'n aard dat winters en droogtetye deur donderstorms in die somer opgevolg is. Dit beteken dat, alhoewel die Vaalrivier 'n vestigingsvoordeel ingehou het, die gevaar van oorstromings in die gebied nie uitgesluit was nie.[24] As gevolg hiervan was dit nie aangewese om digby by die rivier te vestig nie. Enige vorm van permanente vestiging moes ver genoeg bo die vloedlyn maar naby genoeg aan die water wees om voordeel daaruit te trek. In Vereeniging was 'n boubeperkingsgebied later gehandhaaf wat op plekke selfs meer as 200 m bo die watervlak was.[25]

---

[21] Matthey & Greeff {stads- en streeksbeplanners}, Vereeniging struktuurplan opgestel in opdrag van die Stadsraad van Vereeniging (ongep. verslag, Stadsraad van Vereeniging, 1986), pp. 9-10; vgl. kaart 1.1.


[22] Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria (TAB), Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR), Band 181, *Staatsalmanak der Zuid-Afrikaansche Republiek voor het jaar 1896*, pp. 20-21.

[23] F.L. Cachet, *De worstelstrijd der Transvalers {aan het volk van Nederland verhaald}*, pp. 333, 336, 340.

[24] VT, File 03/13558, Memoirs of Dr T.N. Leslie (unp. manuscript, n.d.), p. 170.

[25] Stadsraad van Vereeniging, Vereeniging (SV), Bodemopname in samewerking met die Transvaalse Provinsiale Administrasie (ongep. verslag, Vereeniging, 1976), p. 8.

SUPPLEMENT TO "SOUTH AFRICA" JANUARY 25TH 1902.




| AREA | | |
|---|---|---|
| NAME | Nº | ACRES |
| **North of Vaal River** | | |
| KLIPFONTEIN | 562 | 2878 |
| KLIPPLAATSDRIFT | 336 | 6518 |
| LEEUWKUIL | 187 | 12012 |
| PANFONTEIN | 133 | 10117 |
| UITVLUGT | 307 | 4290 |
| VYFFONTEIN | 3 | 6927 |
| VISCHGAT | 318 | 3875 |
| ZOEKFONTEIN | 255 | 2645 |
| **South of Vaal River** | | |
| BANKFONTEIN | 9 | 9134 |
| BORDEAUX | 20 | 3588 |
| DAMPLAATS | 567 | 3589 |
| DRIEFONTEIN | 510 | 5721 |
| MACAWVLEI | 121 | 8087 |
| NYVERHEID | 449 | 1171 |
| OVERVLOEDFONTEIN | 132 | 3287 |
| PALMIETFONTEIN | 137 | 5235 |
| RIETFONTEIN | 152 | 6425 |
| ROBESPRUIT | 169 | 3588 |
| SCHAAPPLAATS | 181 | 13861 |
| VAALBANK | 219 | 5332 |
| ZANDFONTEIN | 259 | 7600 |
| | TOTAL | 126,681 |

**KAART 1.2:**

**Plaasgrond van *Vereeniging Estates* ten opsigte van die rivierlope, die steenkoolneerslae en Vereeniging.**

Die Vaalrivier is die belangrikste rivier op die Hoëveld met verskeie kleiner riviere wat daarby aansluit.[26] Kaart 1.2 dien as illustrasie.[27] Die waterryke omgewing dui daarop dat die gebied moerasagtig was voordat moderne dreinering en menslike benutting dit verander het. Die plantasies en woude het ook ontstaan weens die teenwoordigheid van 'n hoë ondergrondse watervlak. Geologiese opnames het bevestig dat Vereeniging op die bodem van 'n antieke moeras ontstaan het. Die riviere het as gevolg van die geleidelike opdroging van die moerasgebied ontstaan. Dagsome is as gevolge van hierdie proses ontbloot.[28]

Dit was reeds etlike dekades vantevore bewys dat die ondergrondse watertafel, veral aan die Vrystaatse kant van die Vaalrivier, slegs vyf voet (sowat 1,5 m) onder die oppervlak voorgekom het. Groter volumes ondergrondse water het egter noord van die rivier voorgekom. 'n Waterryke omgewing en die tipe plantegroei was 'n voorvereiste vir die ontwikkeling van steenkool. Soos wat die water geleidelik dreineer het, het die moontlikheid verhoog dat die steenkool ontdek en ontgin kon word.[29] As gevolg van die hoë klei-inhoud en gedeeltes wat 'n vloedgevaar ingehou het, was 436 ha grond in Vereeniging ongeskik vir stedelike bebouing.[30]

---

[26] TAB, ZAR 181, *Staatsalmanak der Zuid-Afrikaansche Republiek voor het jaar 1896*, p. 21.

[27] Transvaal Archives, Pretoria (TA), Map Section, Map S 3/1215 {Scetch plan of farms and assets of the Vereeniging Estates, Ltd.}: Military Governor, Pretoria (MGP), ref. 3662/02, Supplement to *South Africa* {A weekly Journal}, 25.01.1902 {kaart 1.2, p. 9-keersy}.

[28] VT, File 03/13558, Memoirs of Dr T.N. Leslie, p.79; P.J. Rossouw & H.N. Visser (reds.), *...die steenkoolveld Vereeniging-Clydesdale...*, pp. 2, 6.


[29] VT, File 03/13558, Memoirs of Dr T.N. Leslie, pp. 97, 173-174; P.J. Rossouw & H.N. Visser (reds.), *...die steenkoolveld Vereeniging-Clydesdale...*, p. 3.

[30] SV, Bodemopname..., pp. 8, 15.

**KAART 1.3:**

**Die ligging van Vereeniging ten opsigte van die omliggende steenkoolvelde.**

Bron: P.J. Rossouw & H.N. Visser (reds.), *...die steenkoolveld Vereeniging-Clydesdale...*, kaart in agterblad (snit).



Dit was die tipe plantegroei wat gedurende die Steenkooltydperk (ongeveer 200 miljoen jaar gelede) in die gebied voorgekom het, wat die grondslag vir latere industrialisasie gelê het.[31] Sedertdien het steenkool, 'n natuurlike, vaste brandstof van plantorganiese oorsprong, onder die oppervlak gevorm. Daar bestaan twee teorieë oor die ontstaan van steenkool in moerasse. Die eerste teorie is die drywings- of die *'in situ'*-teorie. Kaart 1.3 dui die steenkoolneerslae van die omgewing, wat volgens hierdie teorië gevorm is, aan.[32]

Volgens die drywingsteorie is plantopdrifsels deur waterkrag saamgedryf. Die *'in situ'*-teorie het bepaal dat steenkool gevorm het op die plek waar die plantmateriaal oorspronklik gegroei het. Hoewel beide hierdie teorieë wetenskaplike erkenning verwerf het, het geoloë uiteindelik saamgestem dat steenkool in die Vaaldriehoek volgens laasgenoemde teorie gevorm is. Geologiese opnames het bewys dat daar eens 'n digte woud in die omgewing was waar Vereeniging ontwikkel het. Groot hoeveelhede plantafval (steenkoolflora) het die vorming van steenkoolformasies tot gevolg gehad.[33]

Steenkoolflora het in lae op mekaar gestapel. In die waterryke omgewing is dit tot koolstofdraende gesteentes saamgepers. Dit was hoofsaaklik die houtgedeeltes van plantoorblyfsels wat vir die vorming van steenkool noodsaaklik was.[34] Laag op laag plantmateriaal, afgewissel met lae grondbedekking, is saamgepers. Hierdie proses is deur onder andere winde, gronderosie en gletserafsetting aangehelp.[35]

---

[31] P.J.J. Prinsloo (red.), Die geskiedenis van Vereeniging, pp. 29-31.

[32] M.M. Smith, 'n Geografiese studie van steenkool..., p. 15; P.J. Rossouw & H.N. Visser (reds.), *...die steenkoolveld Vereeniging-Clydesdale...*, kaart in agterblad {kaart 1.3, p. 10-keersy}.

[33] E.J Dunn, "Notes on the Dwyka coal measures at Vereeniging, Transvaal, etc.", *Transactions of the South African Philosophical Society {1891-1902}*, vol. 11, no. 1, 1900, p. 72; M.M. Smith, 'n Geografiese studie van steenkool..., pp. 15, 22; P.J. Rossouw & H.N. Visser (reds.), *...die steenkoolveld Vereeniging-Clydesdale...*, p. 8.

[34] M.M. Smith, 'n Geografiese studie van steenkool..., pp. 16-17.

[35] E.J. Dunn, "Notes on the Dwyka coal meaures...", ..., p. 70.

Die tydperk waarin die lae steenkoolflora tot steenkool ontwikkel het, is die dinamochemiese stadium genoem. Die verloop van tyd, vertikale druk op die verskillende lae asook die teenwoordigheid van hitte, het die uiteindelike kwaliteit en bruikbaarheid van die steenkool bepaal. In hierdie proses was die lae plantmateriaal, wat deur water bedek was, aan 'n proses van verrotting blootgestel. Suurstof en waterstof is in die proses afgegee. Dit het 'n toename in die teenwoordigheid van koolstof bewerkstellig. Die aanvanklike resultaat van hierdie proses was veen, 'n veselagtige turf wat uiteindelik harde steenkool geword het. Die hoeveelheid tyd en voortbestaan van gunstige omstandighede het die stadium van ontwikkeling tydens ontdekking bepaal. In tussenstadiums van ontwikkeling het lae van sagte bruinkool, ligniet en bitumineuse steenkool ook gevorm. In die Vaaldriehoek was laegraadse bitumineuse steenkool meestal ontdek.[36]

Die gebied waarin die steenkool in die Vaaldriehoek gevorm is, was later die Vereeniging-Clydesdale steenkoolgebied genoem. Die dikte en kwaliteit van steenkoollae in hierdie steenkoolgebied het aansienlik gewissel. Dit het daartoe gelei dat verskillende myne ge-open is. Die vernaamste steenkoolmyne naby Vereeniging was Springfield en Cornelia. Steenkoolneerslae in die Vereeniging-Clydesdale steenkoolveld is in drie lae gevorm, elk met sy eie kenmerkende eienskappe. Studies oor elk van die velde het dit moontlik gemaak om 'n gemiddelde deursneebeeld van die voorkoms van die steenkool in die gebied te verskaf.[37]

'n Laag vuurklei het die bolaag van die steenkoolneerslag by Vereeniging gevorm. Hierdie laag was ongeveer 50 voet (sowat 15 m) dik en het op die sogenaamde Lydenburg-rotsbedding gerus. Bo-op die vuurklei was 'n laag leiklipstene met plantafval wat fossiele gevorm het. Steenkoollae, wat tussen ses (1,8 m) en 15 voet (4,6 m) wissel en met 'n gemiddelde deursnee van ongeveer nege voet (2,7 m), het hieronder gerus. Die steenkool was meestal hard en in dun gelamineerde

---

[36] M.M. Smith, 'n Geografiese studie van steenkool..., pp. 16-17; 21-24.

[37] P.J. Rossouw & H.N. Visser (reds.), *...die steenkoolveld Vereeniging-Clydesdale...*, pp. 2 e.vv.; vgl. kaart 1.2 {wat al die plase op die Vereeniging-Clydesdale steenkoolveld aandui}; kyk ook kaart 1.3.

lagies gevorm. 'n Fyn ysterneerslag het nader aan die oppervlak voorgekom. 'n Lagie sandsteen bo-op die steenkool, wat ongeveer een duim dik (2,54 cm) was, het sowat drie voet (0,9 m) onder in die grond voorgekom. Dit het 'n sogenaamde 'dak' oor die steenkoollae gevorm.[38]

Bykomende plant- en diermateriaal, wat saam met die plantmateriaal in lae onder die grond versamel het, het fossielvorming tot gevolg gehad. Gletserafsetting het tot gevolg gehad dat spoelklippe op die oppervlak versamel het. Groter rotsblokke het heelbo agtergebly. Gedeeltes van hierdie rotse het mettertyd in die plantmateriaallae afgesak terwyl ander dele op die oppervlak bly lê het.[39] Dit het nie net tot die vorming van fossiele aanleiding gegee nie, maar waarskynlik ook rede vir mense gebied om die rotse vir die vervaardiging van gereedskap aan te wend. In die omgewing waar steenkool voorgekom het, is verskeie argeologiese artefakte, waaronder werktuie, asook fossiele aan die einde van die negentiende eeu ontdek. Dit het bewysstukke van die omswerwinge van mense uit oerbeskawings in die omgewing opgelewer.[40]

---

38 E.J. Dunn, "Notes on the Dwyka coal measures...", ..., p. 72.

39 E.J. Dunn, "Notes on the Dwyka coal measures...", ..., p. 70.

40 S.F. le Roux, "Interesting new discoveries on the Taaibosspruit, near Vereeniging", *South African Archæological Bulletin*, vol.6, no. 24, Dec. 1951, p. 99; J.P. Johnson, "On the discovery of a large number of implements of palæolithic types at Vereeniging, Transvaal", *Transactions of the South African Philosophical Society {1905-1907}*, vol. 16, 1905, p. 107; vgl. VT, File 03/13558, Memoirs of Dr T.N. Leslie, pp. 77-78.

## 1.6 Prehistorie van die omgewing

Die teenwoordigheid van waterbronne was 'n noodsaaklike voorvereiste tot menslike vestiging. Die omgewing van Vereeniging was volgens hierdie beskouing 'n ideale vestigingsterrein. Menslike benutting en beheer oor hierdie waterbronne het baie potensiaal ingehou.[41] Swart stamme wat voorheen hier gevestig was, het na die Vaalrivier as *Le Koa* verwys. Volgens oorlewering het dit die rigting na Basoetoland (Lesotho) rivierlangs aangedui.[42]

Inkalwing van water, aan die noordelike wal van die Vaalrivier, het die rivier se loop oor eeue heen noord verplaas. Sodoende het die sogenaamde elmboog van die Vaalrivier ontstaan waarlangs Vereeniging tot stand gekom het. Waterkrag het ook gedeeltes oopgekalf waar argeologiese ontdekkings en paleontologiese studies later volvoer is. Hierdie studies het bewys dat daar eens 'n groot populasie aan die walle van die Vaalrivier gevestig was.[43] Weens die koue winters op die Hoëveld het vroeë vestigers hulle eerder in die laer gedeeltes en by riviere gevestig.[44] Vestiging by huidige Vereeniging kan na die Ystertydperk, wat ongeveer 300 miljoen jaar gelede dateer, teruggevoer word.[45]

---

[41] Vgl. VT, File 03/13558, Memoirs of Dr T.N. Leslie, p. 169; F.J. Potgieter, Die vestiging van die blanke in Transvaal (1837-1886) met spesiale verwysing na die verhouding tussen die mens en die omgewing (ongep. Ph.D.-proefskrif, PU vir CHO, 1955), p. 273.

[42] T.S. Plaatjie {Vista University, Sebokeng Campus}, Retelling the heroic history of Sharpeville (unp. paper, presented at the 'Sharpeville oral workshop', Vaal Teknorama, Vereeniging, 20.02.1999), p. 1.

[43] T.N. Leslie, "The stone age industry of Vereeniging", *South African Journal of Science*, vol.23, Dec. 1926, p. 867; vgl. P.J. Rossouw & H.N. Visser (reds.), *...die steenkoolveld Vereeniging-Clydesdale...*, pp. 24, 29; vgl. kaart 1.2.

[44] F.J.Potgieter, Die vestiging van die blanke in die Transvaal..., pp. 30-32, 45.

[45] Vgl. VT, Lêer 03/1515, S.F. le Roux, Die prehistoriese geskiedenis van Vereeniging (ongep. manuskrip, s.a.), pp. 1-2.

Gereedskap, tipies van die sogenaamde Middelsteentydperk en wat menslike teenwoordigheid bevestig het, is in die loop van die twintigste eeu ontdek.[46] Sekere bewysstukke was erg primitief terwyl ander van fyn afwerking en vernuf getuig het.[47] Dit het daarop gedui dat mense uit verskillende oerbeskawings, met idees wat aanhoudend verbeter het, oor 'n lang tydperk hier woonagtig was.[48] Nagenoeg 244 rotstekeninge, van onsekere oorsprong, is ook in die omgewing ontdek. Dit het genoegsaam bewys gelewer dat mense uit vervloë beskawings in die omgewing teenwoordig was.[49]

Implemente wat ontdek is, het daarop gedui dat vestiging en werksaamhede veral aan die oewers van die Vaalrivier en Taaibosspruit gekonsentreer was. Laasgenoemde het by die Vaalrivier aangesluit.[50] Ontleding van fossielagtige implemente wat 'n ent daarvandaan in erosieslote gevind is, dui aan dat dit waarskynlik ook in daardie omgewing vervaardig is.[51]

Etlike swart stamme het reeds so vroeg as die elfde eeu na Christus in die Vaalriviergebied voorgekom. Teen die vyftiende eeu was die gebied relatief dig bevolk. Dit was hoofsaaklik mense van Sotho-oorsprong wat hier voorgekom het. Hierdie groep het in kleiner groepe vertak, naamlik die Rolong, Hurutshe, Kwena, Fokeng en Kgatla. Op hul beurt het die onderverdeelde groepe verder in kapteinskappe verdeel. Teen die agtiende eeu het hierdie Sotho-stamme verspreid oor Botswana, die Noord-Kaap, Vrystaat en Transvaal voorgekom.[52]

---

[46] S.F. le Roux, "Interesting new discoveries...", ..., p. 102.

[47] J.P. Johnson, "On the discovery of a large number of implements...", ..., p. 109.

[48] S.F. le Roux, "Interesting new discoveries...", ..., p. 104.

[49] *Vaalweekblad*, 17.02.1984: Berig.

[50] Vgl. kaart 1.2.

[51] J.P. Johnson, "On the discovery of a large number of implements...", ..., pp. 107-109.

[52] P.J.J. Prinsloo (red.), Die geskiedenis van Vereeniging, pp. 38-40.

Dit was veral die Fokeng- en Kwena-stamme (wat aan die Tswana verwant was) wat hulle in die Vereeniging-omgewing gevestig het. Hul gevestigde lewenstyl was deur die verwoestingsoorloë tussen die Matabeles en die Zoeloes ná 1820 omvergewerp. Teen 1827 het hierdie uitdelgingsoorloë (of *Difaqane* soos wat die Sotho-stamme daarna verwys het) die Hoëveld grootliks ontvolk. Etlike blanke trekboere het gedurende daardie tydperk hul intrek in die gebied geneem. Hul koms is deur die vestiging van die Voortrekkers ná 1836 opgevolg. Met die toenemende vestiging van blankes het swartmense weer na die gebied begin terugkeer.[53]

Een van die min swartmense wat met die blankes se aankoms in die gebied woonagtig was, was 'n weeskind. Hy was deur sy voortvlugtende moeder, 'n slagoffer van die *Difaqane*, agtergelaat en het Wildebeest geheet. Met dorpstigting was hy reeds 'n bejaarde man. Ander terugkerende swartmense het hulself in kraalgroepe saamgegroepeer. Tradisionele vorme van kraalbestuur is oor die inwoners uitgeoefen. Sterk tradisionele beginsels is nagestreef. Dit het afgeneem na mate veral die mans toenemend begin het om aan die kapitalistiese stelsel deel te neem. Hulle was weens groeiende kontak met blankes daaraan blootgestel.[54]

Blanke nedersetters het aanvanklik slegs vae grense vir die ZAR bepaal. Distrikgrense was eweneens onduidelik. 'n Landdros is oor elke distrik aangestel. Hy was vir administrasie en regspraak in sy distrik verantwoordelik. Elke distrik was in 'n aantal wyke verdeel. 'n Veldkornet of 'n resident-vrederegter was oor elke wyk aangestel. Dit was hulle taak om die landdros van die distrik in die uitvoer van sy pligte by te staan. Sedert 1895 was die invordering van belasting deur 'n siviele

---

[53] F.J.Potgieter, Die vestiging van die blanke in die Transvaal..., pp. 28-29, 39; P.J.J. Prinsloo (red.), Die geskiedenis van Vereeniging, pp. 38-50.

[54] VT, File 03/13558, Memoirs of Dr T.N. Leslie, pp. 225-230; vgl. B.J. Krüger, Diskussies en wetgewing rondom die landelike arbeidsvraagstuk in die Suid-Afrikaanse Republiek met besondere verwysing na die plakkerswette, 1885-1899 (ongep. M.A.-verhandeling, UNISA, 1965), pp. 5-6.

kommissaris behartig. Hy en sy personeel het onafhanklik van die landdros gefunksioneer.[55]

Regoor die ZAR was groot stukke grond, aanvanklik eers by waterbronne, deur die blanke trekboere in besit geneem. Op plase direk noord van die Vaalrivier het boere hulself op veral veeteelt toegespits.[56] Teen 1870 was die beskikbare grond meestal reeds beset. Gevolglik is plase onderverdeel. Dit het tot gevolg gehad dat plase teen die einde van negentiende eeu ongeveer 'n derde van hul oorspronklike grootte beslaan het.[57] Sodoende was die patroon van blanke landelike nedersetting in die noordelike dele van Suid-Afrika neergelê.[58] Onderverdeling, tesame met die risiko's van landbou in die ZAR, het tot agteruitgang en verarming van die hoofsaaklik landbougemeenskap aanleiding gegee.[59]

Die karakter van die landelike lewenswyse het met die ontdekking en ontginning van diamante en goud, in die laaste helfte van die negentiende eeu, verander. Dit het betekenisvolle ekonomiese en sosiale struktuurveranderinge tot gevolg gehad.[60] Steenkoolontdekkings het ook 'n bydrae in hierdie verband gelewer.[61] Samelewingstrukture aan die oewers van die Vaalrivier is ten nouste geraak.[62] Mense wat voor die grootskaalse ontdekking van minerale grotendeels met veeteelt, akkerbou en jag tevrede was, is toenemend aan veranderinge blootgestel,

---

[55] TAB, T44, Inventaris: ZAR-Landdrosdistrikte, p. 48; TAB, ZAR 25/1, *Locale wetten der Zuid-Afrikaansche Republiek, 1849-1885*, p. 52.

[56] F.J. Potgieter, Die vestiging van die blanke in die Transvaal..., pp. 214-215, 241.

[57] H.A. Kotzé & D.J.G. Smith, "Landelike ontwikkeling in Suid-Afrika, historiese perspektiefstelling", *Acta Academica - UOVS*, deel 10 {reeks B}, 1977, pp. 12-17.

[58] G.M. Theal, *History of South Africa from 1795-1872*, part 4, p. 42.

[59] A.N. Pelzer, "Die 'Arm Blanke' in die Suid-Afrikaanse Republieke tussen die jare 1882 en 1899", *Historiese Studies*, jg. 2, Jan. 1941, p. 132; F.J. Potgieter, Die vestiging van die blanke in die Transvaal..., pp. 96-98.

[60] Vgl. C.F.J. Muller (red.), *500 Jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, 3de uitg., pp. 207-208.

[61] H.A. Kotzé & D.J.G. Smit: "Landelike ontwikkeling in Suid-Afrika...", ..., p. 12.

[62] T.J. Keegan, *Rural transformations in industrializing South Africa, the southern Highveld to 1914*, pp. 9-12, 54-59, 66-67.

veral na die proklamasie van die heel eerste goudveld in 1873.[63] Enersyds het 'n toestroming van fortuinsoekers en armes ontstaan en andersyds was 'n afsetgebied vir landbouprodukte geskep.[64]

Migrasie het vanaf die plase plaasgevind na plekke waar grondstowwe ontdek is.[65] Sulke bevolkingsverskuiwings was nie noodwendig 'ongesond' nie. Baie verarmde mense kon 'n meer menswaardige bestaan voer en heenkome vind in die primêre en sekondêre bedrywe wat op die ontdekkings van minerale en edelmetale gevolg het.[66] Dit het noodwendig verstedeliking gestimuleer.[67] Konsentrasie op plekke waar belangrike ontdekkings gemaak was, het grondwaardes laat toeneem.[68]

Swartmense het eweneens verstedelik. Dit was teen die einde van die negentiende eeu gevestigde praktyk dat swartmense handearbeid in diens van blankes verrig het.[69] Regeringsbeleid, tesame met tradisionele opvattings deur sowel wit as swart, het egter tot gevolg gehad dat verstedeliking van blankes en swartmense in Suid-Afrika nie op dieselfde wyse plaasgevind het nie.[70]

Die tydelike basis waarop van swartmense se dienste gebruik gemaak is, kwalifiseer daarvoor dat hulle trekarbeiders genoem kon word. Swartmense het aanvanklik net hul dienste aangebied wanneer dit 'n spesifieke ekonomiese voordeel vir hulle ingehou het. Volgens kaart 1.2 (wat vroeg uit twintigste eeu

---

[63] D.J. Pieterse, "Die geskiedenis van die mynindustrie in Transvaal (1836-1886)", A. Keiser e.a. (reds.), *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 1943, jg. 6, deel 1, p. 139.

[64] F.J. Potgieter, Die vestiging van die blanke in die Transvaal..., pp. 169, 298-300.

[65] E.L.P. Stals (red.), *Afrikaners in die Goudstad, 1886-1924*, deel 1, p. 2.

[66] H.A. Kotzé & D.J.G. Smit, "Landelike ontwikkeling in Suid-Afrika...", ..., p. 17.

[67] M.H. de Kock, *Selected subjects in the economic history of South Africa*, p. 127.

[68] T.J. Keegan, *Rural transformations in industrializing South Africa...*, pp. 40-45.

[69] B.J. Krüger, Diskussies en wetgewing rondom die landelike arbeidsvraagstuk..., pp. 6, 17-22.

[70] Vgl. VT, File 03/13558, Memoirs of Dr T.N. Leslie, pp. 225-230; H.C. Marais (ed.), *South Africa: perspective on the future*, p. 94; B.J. Krüger, Diskussies en wetgewing rondom die landelike arbeidsvraagstuk..., p. 23.

dateer) het swart gemeenskappe naby grondgedeeltes voorgekom wat onder bewerking gestaan het. Sommige blankes het dit as plakkery bestempel.[71]

Teen hierdie agtergrond het die ontdekking van steenkool as stimulus vir dorpstigting en die ontwikkeling van 'n nywerheidsgebied in Vereeniging gedien. Die ontdekking van steenkool was die hoofoorsaak vir die vestiging van 'n verstedelikte populasie by die samevloei van die Vaal- en Kliprivier. Die vestiging van bepaalde individue en entrepreneurs rondom die ontdekkingsarea het 'n unieke bydrae tot die geskiedenis van plaaslike bestuur gelewer. Verstedelikingspatrone in die gebied is in dieselfde mate beïnvloed.

Dit was nie net mense se blote teenwoordigheid nie, maar ook hul kennis en veral dade, wat die proses van dorpstigting gerig het. Insgelyks het dit nywerheidsontwikkeling uit sy kinderskoene gehaal. As deel van hierdie proses het politieke besluitneming en - gebeure, op sowel nasionale as internasionale vlak, die geskiedenis van Vereeniging beïnvloed. Dit het ook die aard en karakter van die uitbouing van munisipale bestuur en voorstedelike ontwikkeling bepaal. Teen hierdie agtergrond het Vereeniging ontstaan, nadat die ontdekking van steenkool rugbaar geword het.

## 1.7 Die ontdekking van steenkool

Steenkool was reeds so vroeg as 1861 in die oostelike dele van die ZAR ontgin, naamlik in die Olifantsriviergebied. Die gebruik daarvan was aanvanklik tot huislike benutting beperk. Brandhout was boonop volop op Hoëveldse plase beskikbaar. Weens die afwesigheid van industriële afsetgebiede en 'n gebrekkige vervoerstelsel was steenkool aanvanklik nie met groot geesdrif ontgin nie.[72] Steenkool het egter

---

[71] VT, File 03/13558, Memoirs of Dr T.N. Leslie, pp.224-225; vgl. B.J. Krüger, Diskussies en wetgewing rondom die landelike arbeidsvraagstuk..., pp. 8-11, 24-30, 54-56.

[72] F.J. Potgieter, Die vestiging van die blanke in die Transvaal..., p. 231.

'n basis vir ekonomiese ontwikkeling geskep. Die nabyheid van rivierwater het die ontdekking van steenkool nog meer waardevol gemaak.[73]

Die Vaalrivier het sedert die negentiende eeu van karakter verander, nadat keerwalle opgerig en opdammingsprojekte opgerig was. Gedurende die negentiende eeu was die rivier soms 'n droë loop. Tydens die reënseisoen het die rivier weer gereeld sy walle oorstroom.[74] Tydens die droë Hoëveldse winters het die rivier op plekke geen water gehad nie. Dit het tot gevolg gehad dat dagsome ontbloot is waar steenkool met relatief min moeite ontgin is. Steenkool is dus aanvanklik volgens die oopmynmetode ontgin. Weinig is aanvanklik gedoen om dieper te delf.[75]

In November 1876 het die Volksraad van die Oranje Vrystaat (OVS) vir George William Stow aangestel om die moontlike teenwoordigheid van grondstowwe in dié republiek te ondersoek. Hierdie opdrag het hom onder meer na die sameloop van die Vaalrivier en Taaibosspruit, in die noordelike gedeeltes van die OVS, gebring.[76] Stow was 'n Britse immigrant met 'n lewendige belangstelling in die geologie.[77] Gedurende 1878 het hy aansienlike steenkoolneerslae ontdek, in die omgewing waar die Taaibosspruit in die Vaalrivier vloei.[78]

---

[73] G.C.R. Bosman, *The industrialization of South Africa*, p. 105.

[74] VT, File 03/13558, Memoirs of Dr T.N. Leslie, pp. 169-174; F.L. Cachet, *De worstelstrijd der Transvalers*, p. 334.

[75] F.L. Cachet, *De worstelstrijd der Transvalers*, pp. 334-336.

[76] D.W. Krüger (hoofred.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek*, deel 2, p. 739; vgl. kaart 1.2.

[77] Anon., "Company histories, no. 4: The Vereeniging Estates", *Optima*, vol.2, no.1, March 1952, p. 23.

[78] G.W. Stow, *Report of the geological survey of the Orange Free State from 18th April to the 17th December 1878*, pp. 14-15; vgl. kaart 1.2.

Hy het vervolgens 'n verslag aan sy opdraggewers gestuur waarin hy vermeld het dat hy 'n ryk steenkoollaag ontdek het. Hy het dit die *"Black Belt"* genoem. Alhoewel hy die siening gehuldig het dat die steenkoollaag groter word hoe nader dit aan die ZAR gekom het, het hy die Vrystaatse regering verseker dat 'n groter oppervlak daarvan in die OVS voorgekom het. Stow het sy werkgewers verder ook die versekering gegee dat hy van plan was om sy ontdekking wetenskaplik op te volg.[79]

Met die doel om sy bevindinge wetenskaplik en meer konkreet te bewys, het Stow 'n skag van ongeveer vyf meter by die punt van ontdekking gesink. Hier het hy op 'n laag steenkool van sowat 15½ voet (4,7 m) afgekom. Op die plase Maccauvlei en Leeuwkuil, aan teenoorgestelde kante van die Vaalrivier, het hy die eintlike belangrike steenkoollae ontdek.[80] Dit het genoegsaam bewys van die teenwoordigheid van steenkool gelewer. Stow was ingenome met sy ontdekking, maar dieselfde kon nie van sy werkgewer, die Volksraad van die OVS, gesê word nie.

Die regering van Bloemfontein was nie oor 'n ver afgeleë steenkoolveld opgewonde nie. Die voordeel wat steenkool wel vir die bloeiende diamantbedryf ingehou het, is deur 'n swak infrastruktuur belemmer. Die gebrekkige vervoersisteem was van so aard dat daar, volgens die Vrystaatse regering, geen koste-effektiewe manier bestaan het om die steenkool tot in Kimberley te vervoer nie.[81] Die ontdekking van "swart goud" (d.i. steenkool) was volgens hulle nie koste-effektief nie.

---

[79] G.W. Stow, *Report of the geological survey...*, pp. 20, 34.

[80] R. Mendelsohn, '...the country is rotten with coal': Sammy Marks and the Highveld coal industry, 1880-1910 (unp. paper, Conference of the South African Historical Society, Pietermaritzburg, Jan. 1989), p. 1; vgl. kaart 1.2.

[81] R.B. Young, *The life and work of George William Stow, South African geologist and ethnologist*, pp. 107, 109.

Hierdie opvatting oor Stow se ontdekking was kortsigtig aangesien dit wel 'n noemenswaardige vonds was. Stow het naamlik 'n steenkoolveld van nagenoeg 300 vierkante myl (776,7 km²) ontdek. Die Vereeniging-Clydesdale steenkoolveld was een van die belangrikste in Suidelike Afrika. Van noord na suid het dit oor 'n gebied van sowat 48 km gestrek. Van oos na wes het die steenkoolveld oor ongeveer 32 km gestrek.[82] Die ontdekking was van groot waarde as daar boonop in ag geneem word dat dit na raming vir 'n goeie 400 jaar steenkool kon voorsien. Die ontginning van die steenkool was vanuit 'n geologiese oogpunt as lewensvatbaar beskou.[83]

Twee baie prominente diamanthandelaars, wat welvarende entrepreneurs geword het, het van Stow se ontdekking te hore gekom. Hulle was Samuel Marks en sy vennoot, Isaac Lewis. Die potensiaal van Stow se ontdekking was deur hulle na waarde geskat. Lewis en Marks was beide hooffigure in die diamantbedryf, het kapitaal beskikbaar gehad en het ook oor die nodige inisiatief beskik om die steenkool te ontgin en te bemark. Hul vennootskap het tot die stigting van Vereeniging gelei, wat sonder die teenwoordigheid van steenkool nie moontlik was nie.[84]

---

[82] P.J. Rossouw & H.N. Visser (reds.), ...*die steenkoolveld Vereeniging-Clydesdale...*, pp. 1-6.

[83] E.J. Dunn, *"Notes on the Dwyka coal measures..."*, ..., p.72; R.L. Leigh, *Vereeniging - South Africa...*, p. 12.

[84] Vgl. Standard Bank Archives, Johannesburg (SBA), INSP1/1/85, p. 333: Kimberley branch, Inspection Report, 12.11.1881; W.J. de Kock (hoofred.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek*, deel 1, pp. 538-539; D.W. Krüger (hoofred.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek*, deel 2, p. 739.